

Preekblaadjie: Openbaring 1
Tema: Die leeu, die dier en die wit kleed.

Inleiding:

Openbaring is waarskynlik een van die boeke in die Bybel wat die maklikste misverstaan word. Dit bevat vreemde wesens, getalle, oorloë, rampe, 'n draak, 'n dier, 666, Armageddon, Babilon, 'n duisendjarige vrederyk en uiteindelik 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Maar, en dit is uiters belangrik, Johannes begin nie sy boek met die Antichris, 666 of Armageddon nie. Hy begin met Jesus Christus.

Die Griekse openingswoorde van die boek is “*apokalipsis*” Jesus Christus – die openbaring van Jesus Christus. Openbaring wil dus iets wat verborge is, aan ons bekendmaak (*openbaar*).

Om Openbaring beter te verstaan kan ons die volgende 3 sleutels gebruik.

SLEUTEL 1: Kyk na die Lam

Kyk eerste na die LAM – nie na die ANTICHRIS nie. Openbaring is nie geskryf sodat ons die Antichris kan uitken nie; dit is geskryf sodat ons die Lam sal volg. Wanneer ons oor Openbaring praat, spring ons maklik na die dinge wat ons nuuskierig of bang maak: 666 – Antichris – merk van die dier – Armageddon – Gog en Magog – oorlog – oordeel – eindtyd. Maar Johannes se fokus is Jesus.

Dit is merkwaardig: Johannes sien iets ontsagwekkend, maar Jesus se eerste boodskap aan hom is: “Hou op om bang te wees” (Open 1:17). Die boek Openbaring begin dus met Christus en eindig met Christus.

SLEUTEL 2: Uitsig gee insig

Openbaring gee vir ons 'n uitsig op die toekoms sodat ons insig vir die hede kan kry. Openbaring is nie bloot 'n kalender van toekomstige gebeure nie. Johannes kry 'n blik op wat kom – maar die doel daarvan is om die kerk te help om vandag getrou te leef.

Openbaring 2–3 praat oor “wat daar is” – die werklikheid van die sewe gemeentes. Openbaring 4 en verder vertel Johannes vir ons “wat hierna gaan gebeur”. Die toekomstige uitsig verander dus die manier hoe ons vandag leef.

Die vraag is nie net “Wat gaan aan die einde gebeur?” nie, maar ook: “Hoe moet ek vandag leef omdat ek weet Wie uiteindelik gaan wen?”

SLEUTEL 3: Moenie bang wees nie.

Openbaring is nie 'n kodeboek vir die toekoms nie. Openbaring gebruik apokaliptiese beeldspraak: simbole, getalle, beelde en visioene. Johannes beskryf hemelse en toekomstige werklikhede met taal en beelde wat soms groter is as gewone menslike woorde. Ons moet daarom versigtig wees om elke nuwe gebeurtenis, tegnologie, oorlog, politieke leier of wêreldkrisis onmiddellik aan 'n spesifieke simbool in Openbaring te koppel.

Wanneer iemand sê: “Hierdie is beslis die Antichris!” of: “Hierdie gebeurtenis is beslis Armageddon!” of: “Hierdie tegnologie is beslis die merk van die dier!” moet ons eers vra: Wat het Johannes met hierdie beeld bedoel?

Openbaring is in die eerste plek aan werklike gemeentes in 'n werklike wêreld geskryf. Hulle het onder geweldige druk gestaan om by die kultuur van hulle tyd aan te pas. Johannes herinner hulle dat Christus tussen sy gemeentes staan en dat hulle aan Hom getrou moet bly.

Ons lees dus eers: Wat het dit vir hulle beteken? en dan: Wat sê die Gees vandag vir ons?

Openbaring 1: Voordat ons by die groot eindtydvrae kom, begin Johannes by Jesus en sy kerk en ons sien in Openbaring 1:13 dat Jesus letterlik in die middel van sy kerk staan. Die boodskap is eenvoudig: Jesus is nie ver van sy kerk af nie. Hy staan tussen sy gemeentes.

Openbaring 2–3: Jesus meet sy kerk

Jesus praat met sewe gemeentes: Efese – Smirna – Pergamum – Tiatira – Sardis – Filadelfia – Laodisea. Elke gemeente word gemeet. Sommige kry lof. Sommige kry kritiek. Sommige kry 'n waarskuwing. Almal kry egter 'n uitnodiging: “Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê”.

VIR GROEPBESPREKING

1. Wanneer jy aan die boek Openbaring dink, watter emosie ervaar jy die meeste: nuuskierigheid, vrees, verwarring, hoop of iets anders? Hoekom?
2. Watter verskil maak dit aan die manier waarop ons Openbaring lees as ons onthou dat die boek begin met “die openbaring van Jesus Christus” en nie met die Antichris nie?
3. Wat beteken die stelling: “Uitsig gee insig.” Hoe kan dit wat ons oor die toekoms glo, die manier waarop ons vandag leef, verander?
4. Waarom dink julle is mense so geneig om elke nuwe oorlog, tegnologie, politieke ontwikkeling of wêreldgebeurtenis aan Openbaring te koppel? Wat is die gevaar daarvan?
5. Jesus staan in Openbaring 1 tussen die kandelare en sê vir Johannes: “Moenie bang wees nie.” Wat sê dit vir jou oor Jesus se verhouding met sy kerk – en wat beteken dit vir jou persoonlik?